Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 18 April 1951 Prys 3d. No. 20

# DR. VAN ZYL STEL VRAE OOR KOREA EN GRONDWET

**Daar het verlede week twee gebeurtenisse plaasgevind wat so betekenisvol is dat dit die oorwoë aandag van ons almal verdien, het dr. F. D. du T. van Zyl, Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag, in 'n onderhoud met die O.B. verklaar. Die president van die Verenigde State van Amerika het vir genl. MacArthur, opperbevelhebber van die V.V.O.-magte in Korea, — ook van die Suid-Afrikaanse eskader — van sy opperbevel onthef en hom teruggeroep na Amerika; en in ons eie land het die speaker van die volksraad beslis dat die Suid-Afrika-wet (die Unie se Grondwet) geen hoër status het as enige ander wet nie.**

Wat is die betekenis van hierdie twee gebeurtenisse?

## Oorlog In Korea

Toe die Nasionale regering 'n lugeskader na Korea gestuur het om daar aan die oorlog te gaan deelneem het meeste mense onder die indruk verkeer dat Suid-Afrika nou deelneem aan 'n oorlog teen die kommunisme. Die eerste minister het mense wat so gedink het reeds ontnugter toe hy aan die begin van die huidige sitting in die volksraad verklaar het dat Suid-Afrika in Korea veg — **nie teen die kommunisme nie, maar teen agressie.**

**Daar word derhalwe teen kommuniste geveg (omdat hulle toevallig die agressors is), maar daar word nie geveg teen kommunisme nie.**

Maar die V.V.O. het nie alleen Noord-Korea tot agressor verklaar nie; ook Sjina is as agressor gebrandmerk.

**Nou, egter, is genl. MacArthur afgedank as opperbevelhebber, en die vernaamste rede is, omdat hy ook teen die Sjinese agressor wou veg!**

Dit blyk derhalwe dat daar in Korea nie teen die kommunisme geveg word nie; en dat daar ook nie teen agressie geveg word nie.

**Wat maak Suid-Afrikaanse troepe dan in Korea?**

## Vra Aanname Van Konsep-Grondwet

Dit is baie belangrik vir die hele Suid-Afrikaanse bevolking om te weet dat die Unie van Suid-Afrika vandag geen grondwet het waaraan die regering of die parlement gebonde is nie. Maar vir die republikeinse Afrikanervolk is dit van besondere belang.

Tydens die Nasionale Konvensie het die destydse leiers van die republikeinse Afrikanervolk (waaronder ook wyle genl. J. B. M. Hertzog) toegesien dat sekere bepalings in die grondwet opgeneem word wat 'n waarborg sou wees vir latere republikeinse geslagte dat hulle regte nie willekeurig vertrap sal word deur 'n Brits-georiënteerde party wat toevallig op een of ander stadium die regering in hande mag hê nie. **Nou dat gebondenheid aan die grondwet verval het, het hierdie waarborge geheel en al verdwyn.**

**Die politieke party wat toevallig die meerderheid by 'n stembus behaal, sal in toekoms volkome en onbelemmerde heerskappy kan voer in Suid-Afrika. En die O.B. het ondervinding van wat dit kan beteken.** In die oorlogsjare is republikeine sonder aanklag of verhoor in kampe en tronke gestop en geviktimiseer op aanklag van geheime waarheidsridders. Dit het alles gebeur toe daar nog 'n grondwet was wat glo eerbiedig moes word.

Nou is die weg oopgemaak sodat daar in die toekoms nog doller opgetree kan word teen republikeine deur 'n onverantwoordelike Brits-georiënteerde party wat die bewind in hande mag kry.

### MOET PARTYE BEPERK

Daarom verkies ek dat Suid-Afrika 'n grondwet **moet** hê, waaraan regering en parlement gebonde is, sodat die willekeur en die grille van politieke partye begrens kan word. Ek wil my standpunt egter baie duidelik stel. **Ek verlang 'n grondwet, maar ek verlang nie dat die Suid-Afrika-wet daardie grondwet moet wees nie.**

**My vernaamste beswaar teen laasgenoemde wet is dat dit die Britse konneksie en die Britse partystelsel in ons vaderland bestendig. Ek het geen trane om oor die onttroning van hierdie wet te stort nie. Inteendeel, insoverre die Nasionale regering iets met die onttroning te make gehad het, gee ek hom daarvoor krediet.**

**Vir my is veral belangrik dat die weg na 'n nuwe bindende grondwet vir S.A. nou geopen is. En 'n nuwe konsep-grondwet is reeds in die oorlogsjare opgestel en deur alle Afrikaner-organisasies — insluitende die H.N.P. — aanvaar.** Trouens die huidige minister van binnelandse sake, dr. T. E. Dönges, en die onderleier van die O.B., mnr. J. A. Smith, het saamgewerk om dié konsep-grondwet sy huidige beslag te gee. Tewens die leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, het self hierdie konsep-grondwet laat publiseer kort nadat die O.B. dit in sy gewraakte pamflet 1/41 wêreldkundig gemaak het; ook het die destydse leier van die opposisie in sy republikeinse mosie voor die Unie-parlement in 1942 die indruk geskep dat hy 'n republiek verlang op die model van hierdie konsep-grondwet.

**Al wat nou oorbly om te doen, is om die konsep-grondwet finaal na te sien, miskien hier en daar veranderings aan te bring en om dan die konsep-grondwet te proklameer as die nuwe bindende grondwet van Suid-Afrika.**



DR. VAN ZYL

Het die volk van Suid-Afrika dan nie die reg om te verwag dat die Eerste Minister daardie republikeinse verwagtinge wat hy by hulle verwek het sal verwesenlik noudat hy die mag het om dit te doen nie?

Ek wil vertrou dat die Nasionale regering nie in gebreke sal bly om hierdie saak vroegtydig sy ernstige aandag te gee nie.

# PARTYE RAAK NIE O.B.-BESTAAN

## *A.K.G. Toon Beweging Se Taak Aan*

**Wat op partypolitieke terrein gebeur — tot watter mate dit ook al verwelkom kan word — raak nie die voortbestaan van die Ossewabrandwag nie omdat op daardie terrein geen bestendigheid vir ons volk is nie. Dit bly die taak van die Ossewabrandwag om te volhard in sy stryd om die noodsaaklike hervormings op staatkundige, maatskaplike en ekonomiese gebied te bewerkstellig. Waar nodig, sal hy saamwerk met enige politieke party wat dit vir hom moontlik maak, maar sy doel is om die parlementêre front om te skep in 'n republikeinse gesag—as dit kan met partykandidate, as dit moet met volksgesinde kandidate, het die onderleier van die Ossewabrandwag, mnr. J. A. Smith eergister in Kaapstad gesê toe hy vroue-offisiere van die Boland onder leiding van mev. dr. J. S. du Toit toegespreek het. Die onderleier het as volg gespreek:**

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om my van my plig as A.K.G. te kwyt en met u aangeleenthede wat ons aandag vereis, bespreek en u help rigting gee. Wat ek dus hier vanoggend sê, doen ek na sorgvuldige oorweging en gee dit as leiding vir ons volksbeweging. Dit is die enigste beleid wat ek my kan voorstel vir die O.B. om te volg, altans die enigste wat ek kan volg.

U is gesteld op u taak as verantwoordelike lede en ampsdraers van ons beweging en hierdie taak moet verrig word deur in aanmerking te neem wat op elke gebied van ons volkslewe en op elke terrein gebeur. Ons moet dus, soos ek op Vryheidsdag reeds aangedui het, in verband daarmee die steeds veranderende toestande buite- en binnelands, soos dit ons raak, in die oog hou by die bepaling van ons beleid en taak.

Daar is al gesê dat die O.B. met die oog op die teenswoordige omstandighede maar sy lede „moet uitspan."

**Politieke omstandighede wat so 'n stap nodig maak, het ek, en ek is seker, u ook nog nie beleef nie. Trots alles of enigiets wat op die parlementêre front van nasionaalgesinde kant verrig of verkry is of in die vooruitsig gestel is, bly daar steeds die taak vir die volk om nog meer in sy strewe na wat goed en beter is op die politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied te volhard, steeds meer te bereik en hoër te styg.** Waarheid bly wat selfs ook partyleiers in die verlede erken het dat 'n beweging soos die O.B. naas die politieke party nodig is. Die sterkste party sal hy word wat ook die O.B. as element in die volkstryd waardeer.

### NOG NODIG

As die O.B. in die oorlogsjare nodig was, 'n taak gehad en verrig het, dan het hy dit vandag ook nog. Dan bly hy nodig om aktief en waaksaam te bly om redes wat later sal blyk.

Dit is nie die vriend van die O.B., tensy hy blind is, wat vir u aanraai om te „ontbind" of „uit te span" of nou met gevoude arms tuis te gaan sit nie. Laat diegene wat so praat hulself „uitspan" en ander ongehinderd laat voortgaan met hul plig.

En wat is ons taak? Dit is o.a. nie om te soek na 'n strydterrein binne eie volksgeledere nie en ons vegterrein nie onder mekaar as organisasies nie maar teen wat volkskadelik is en dreig om ons volksaard, ons volksrigting en bestaan te skend en te vernietig. **Ons stryd is vir alles wat goed is in eie boesem en op elke terrein, ook vir die wat goed is in ander volksorganisasies. Daarom sal ons van ons kant steeds trag om die beste vriendskaplike verhoudings tot ander nasionaal- en republiekgesinde organisasies en liggame in diens van die volk en vaderland te handhaaf.**



MNR. J. A. SMITH

### DIE PARTYE

Dit lyk of daar in die jongste tyd tog by lede van die O.B. verwarring bestaan oor ons verhouding tot ander volksorganisasies. Dit skyn veral die geval te wees wat betref die voorgestelde samesmelting van die H.N.P. en die A.P. en daar word gegis of dit vir die O.B.-lede moontlik gemaak sal word om daarby aan te sluit. **Dit is nou egter 'n saak waaroor die partyleiers self sal besluit. Ek wil net sê dat dit 'n party se verlies sal wees as goeie Afrikaners uitgesluit word terwyl twyfelagtiges vreemd aan ons volkstradisie en aard nie alleen opgeneem word nie maar selfs as mondstuk in die hoogste vergaderings voor plek gemaak word.** Ons, daarenteen, sluit nie ons deur teen mede-Afrikaners nie. In die veronderstelling egter dat die nuwe party eerder sal soek om kragte saam te snoer as af te wys is die voorgestelde samesmelting van O.B.-kant op die Bloemfonteinse laertrek verwelkom. Dit, die oopstelling vir O.B.-lede sou as 'n bewys van toenadering beskou word. **Maar deur sodanige toenadering word die volksbeweging nie onnodig of oorbodig nie.**

### RAAK O.B. NIE

**Ek wil dit baie duidelik stel dat niks wat op die partypolitieke front mag gebeur die voortbestaan van die Ossewabrandwag kan of mag beëindig nie, of sy stryd vir die verwesenliking van sy ideale mag stuit nie. Daardie samesmelting raak nie die bestaan van die O.B. nie. Die O.B. is nie 'n party nie. Dit onthef niemand van sy taak nie en u durf nie as goeie Afrikaners u besondere plig op anderman se wa gaan laai nie.**

Dit moet altyd onthou word dat die O.B. 'n blywende nasionale en republikeinse beweging vorentoe van die Afrikanervolk verteenwoordig — afgesien van die toevallige en tydelike gebeurtenisse wat op die partypolitieke front mag plaasvind. Partyregerings kom en gaan, partye kom en verdwyn weer in samesmeltings na dit hul pas maar die O.B. as volksbeweging bly buite partygroeperings voortbestaan omdat hy die blywende en onveranderbare koers van die volk verteenwoordig.

### HERVORMING

**Ek wil net weer beklemtoon dat die samesmelting van die twee partye — een waaraan ook O.B.-lede behoort—nie die funksie van die O.B. in die minste minder belangrik of minder noodsaaklik maak nie; ook nie die taak van die O.B. kan vervang nie; nog minder sy voortbestaan verkort, vertydelik of beëindig nie. U alleen kan dit doen as u uself uitspan, as u moeg, of ontrou mag word.**

**Die Ossewabrandwag sal voortgaan om hom te beywer vir die noodsaaklike staatkundige hervorming ter bewerkstelliging van die republiek, met of sonder die samewerking van die politieke party. Die verbritse koninkryk van Suid-Afrika moet beëindig word, en spoedig ook! In die plek van hierdie op Britse lees geskoeide koninkryk moet kom die Christelik-nasionale Volksrepubliek, afgeskei van die Britse kroon, ryk en statebond.**

Die O.B. sal voortgaan om te veg vir algehele apartheid as

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

DIE O.B., WOENSDAG, 18 APRIL 1951

# KOUKUS OPPERMAGTIG

Die speaker het verlede week sy uitspraak gegee oor die vraag in hoever die parlement deur die grondwet gebind word, en sy bevinding was dat die parlement deur geen wet of prosedure van die verlede gebind word nie — met ander woorde dat hy heeltemal oppermagtig is.

Dit is 'n belangrike verklaring en die betekenis daarvan word elders in ons blad in behandeling geneem. Daaroor wil ons nie hier uitwei nie. Ons wil eerder vir 'n oomblik stilstaan by die omstandighede wat hierdie uitspraak nodig gemaak het.

Die regering het gekom met 'n wetsontwerp wat 'n verandering beoog van die Kleurlingstem. Die doel is om hulle op afsonderlike kieserslyste te plaas sodat hulle onder meer vier verteenwoordigers in die volksraad sal kry wat regstreeks deur hulle as groep gekies word. **In die volksraad sit reeds drie naturelleverteenwoordigers, sodat die totaal van nie-blanke verteenwoordigers in die volksraad op sewe te staan sal kom — 'n getal wat op een na die meerderheid wat die regering in 1948 by die verkiesing behaal het, uitwis.** Daar is diegene wat geen geheim daarvan maak nie dat die maatreël in verband staan met die beveiliging van die blankedom en veral van die Afrikanerdom deur versterking van die regerende partye se posisie. Daar word in die verband gedink aan die onderploegingsbeleid waarmee leiers van die huidige opposisie 'n aantal jare gelede gedreig en selfs begin het. Indien die regeringsparty maar net aan bewind gehou kan word, sal al hierdie bedreiginge afgewend word, so word geredeneer.

## WAARDE VAN SETELS

Laat ons nou bloot hierdie aspek van die saak behandel en vir 'n oomblik die verhewe beginselpleidooie vergeet — want selfs die gehardste regeringsondersteuner sal toegee dat indien dit die regering was wat agt setels as gevolg van die maatreël sou moes inboet, daar geen wetgewing oor Kleurlingstemreg ingedien sou gewees het nie, altans nie deur die huidige regeringspartye nie.

Teenoor die agt setels wat die H.N.P. moontlik in Kaapland gaan wen, staan die vier setels van die Kleurlinge wat bykom. Voorheen kon die Kleurlinge slegs kies tussen 'n „Nat" en 'n „Sap," voortaan sal hulle kies tussen 'n Ballinger en 'n Sam Kahn. Hulle sal nou stem vir diegene wat uit en uit teenoor die behoudende elemente in die land staan, en as gevolg van die agitasie wat nou opgejaag is, sal hierdie elemente steeds meer radikaal anti-blank moet wees. En in die volksraad sal daar sewe van hulle sit, — **sewe wydsbeen oor die wip waarop Sy Majesteit se regering en Sy Majesteit se opposisie hul spel van „see-saw" speel.**

Hierdie maatreël van beveiliging word toegepas onder 'n stelsel waarbinne regeringsparty en opposieparty mekaar afwissel soos somer en winter — **in Brittanje is die gemiddelde leeftyd van 'n partybewind iets meer as vier, in Suid-Afrika iets meer as sewe jaar.** Dr. Malan het op 24 Februarie te Stellenbosch aan die verganklikheid van party-oorwinnings herinner toe hy vol moed gesê het: „Die regering sal in die saal bly vir die hele vyf jaar waarvoor hy gekies is, en minstens ook nog die volgende vyf jaar."

**Wat beteken die wins aan vier of vyf setels — want dit is per slot van sake waarop dit neerkom — onder 'n stelsel waar 'n regering se meerderheid binne vier jaar van byna 200 tot 8 kan daal soos onlangs in Brittanje gebeur het, en van byna 40 tot 'n minderheid van 8, soos onlangs in Suid-Afrika? Dit behoort duidelik te wees dat binne so 'n stelsel geen sprake van duursame beveiliging kan wees nie al word daar ook hoe gemaneuvreer met setels.**

## RUIM ALLES OP

Die redding lê in die eerste plaas in die algehele opruiming van die Britse stelsel met sy verdelende beginsel. Alle politici bejammer die verdeeldheid van die blankes, maar **terselfdertyd handhaaf hulle 'n stelsel wat vereis dat die blankes in minstens twee groepe van regering en opposisie verdeel moet wees. Waarom die gebrek aan familie-eenheid betreur wanneer jy vir jou gesin 'n Britse „semi-detached" huis oprig?**

**En as dit gaan om die beveiliging van die Afrikaner, dan spreek dit vanself dat dit nie kan geskied met die rangskikking van setels binne 'n Britse stelsel nie, maar deur die inrigting van 'n Afrikaanse stelsel waarbinne die Afrikaner sy eie atmosfeer kan adem.**

Die speaker het nou beslis dat die parlement oppermagtig is, dit wil sê die koukus van die regerende party. **Dit is 'n magtige feit vir ons Afrikaners wanneer ons bedink dat hierdie koukus oor 'n paar jaar — al is dit eers oor sewe, soos dr. Malan hoopvol verwag — dié van die Empire-gesinde opposisie kan wees wat ons tevore reeds met onderploeging gedreig het.**

**Laat die regering gebruik maak van sy oppermag, nie om vier of vyf opposisiesetels af te kam nie, maar om die Britse grondwet geheel en al van ons vaderland af te was en te vervang deur ons eie staatstelsel waarvan die fondamente in ons verlore Republiek gelê is deur ons groot volkshelde, en nie in Londen deur ons groot volksvyande nie.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Amerika en Boere-republieke*

Ek wil vandeesweek gesels oor die grondwet van die Verenigde State van Amerika en oor die magte van daardie groot land se president. In Suid-Afrika beleef ons tans 'n „grondwet-krisis"; en die hele wêreld babbel aanhoudend oor president Truman se afdanking van genl. MacArthur. Hierdie dinge het my op die gedagte gebring dat wetenswaardighede oor die Amerikaanse grondwet vir my lesers interessant mag wees.

In die Suid-Afrikaanse koninkryk berus die wetgewende en uitvoerende gesag in die hande van die parlement — wat bestaan uit die Koning, die Senaat en die Volksraad.

In die Amerikaanse republiek berus die wetgewende gesag by die kongres — wat bestaan uit die Senaat en die Huis van Verteenwoordigers; en die uitvoerende gesag berus by die president, d.w.s. by een persoon.

Dit is belangrik om daarop te let dat in Suid-Afrika, net soos in Engeland, is die wetgewende en uitvoerende gesag nie van mekaar geskei nie. In Amerika egter, net soos in die Boere-republieke, is daar wel skeiding tussen wetgewing en uitvoering.

Die soort regering wat die Verenigde State van Amerika het — en wat ook ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse republikeinse tradisie is — word genoem presidensiële regering.

### *Verspreiding van Mag*

Nie alleen maak die Amerikaanse grondwet voorsiening vir 'n onafhanklike wetgewende en uitvoerende gesag nie, maar dit maak ook voorsiening vir 'n derde onafhanklike gesag, nl. die regterlike gesag. Die hele gedagte agter hierdie verdeling van magte was 'n poging om enige vorm van diktatuur uit te skakel. Die bedoeling van die grondwet is om 'n regering daar te stel wat sal wees „a government of laws and not of men."

Daarom beskerm die grondwet die fundamentele regte van die Amerikaanse burgery en daarom is 'n regterlike arm van regering ook ingestel — om te sorg dat die regte wat in die grondwet beskerm word nie weggeneem word nie. Dit beteken dat die Amerikaanse grondwet 'n raamwerk verteenwoordig waarbinne die wetgewende en uitvoerende gesag mag opereer maar waarbuite hulle nie mag gaan sonder dat die Amerikaanse geregshowe hul optrede onwettig sal verklaar nie.

As gevolg van hierdie verdeling van magte het nòg die president, nòg die kongres, nòg die geregshowe absolute mag. Trouens die grondwet gee aan elkeen bepaalde magte wat gebruik moet word om te verhoed dat die ander sy magte oorskry. Hierdie metode van „checks and balances" is opsetlik deur die grondwet ingevoer om te dien as 'n waarborg teen die vermomde insypeling van 'n diktatuur.

### *Enige Vorm van Diktatuur Uitgeskakel*

In die praktyk beteken dit dat niemand in Amerika kan maak en breek soos hy wil nie. Die president moet nie alleen rekening hou met 'n onafhanklike kongres nie, maar ook met die verskansde grondwet. Eweseer kan die kongres nie hiet en gebied soos hy wil nie. Daar is die president, wat nie lid is van die kongres nie en wat deur die hele volk gekies is om mee rekening te hou en daar is boweal die grondwet wat nie geskend mag word nie. Dan is daar nog die geregshowe — wat genoem kan word die stem van die grondwet — wat die dade van die president en die wette van die kongres aan die bepalings van die grondwet moet toets en dit ongeldig moet verklaar as dit bots met die grondwet.

Hoewel die Amerikaanse regering drie arms het (die wetgewende, uitvoerende en regterlike), en hoewel elke arm nie maar op diktatoriale wyse kan opdons soos hy wil nie, beteken dit hoegenaamd nie dat die regering nie soewerein is nie. Inteendeel 'n volk wat 'n grondwet het waaraan sy wetgewende en uitvoerende gesag gebonde is, is veiliger as 'n volk sonder sodanige grondwet; want in laasgenoemde geval is daar niks wat kan verhoed dat 'n regeerder wat wettig aan bewind gekom het en wat diktatoriale neigings het, sy wettige bewind in 'n diktatuur kan omskep nie.

### *Politieke Party Oppermagtig*

Die posisie in ons eie land — wat 'n nabootsing van die posisie in Engeland is — verskil hemelsbreed van die Amerikaanse posisie. In ons land is daar geen skeiding van regeringsmagte nie en ons het verlede week uitgevind dat daar ook nie 'n grondwet is waaraan die kabinet of die parlement gebonde is nie. Dit beteken dat as 'n politieke party oor 'n meerderheid in die volksraad beskik dan is daardie party geheelenal oppermagtig. Die partyleiers kan in hul koukus besluit op enige wetsontwerp onder die son wat hulle in die parlement gaan deurdruk en niks en niemand ter wêreld kan hulle verhoed om dit op wettige wyse op die wetboek te plaas nie.

Hoe onbegrensd die mag van 'n politieke party — wat toevallig die meerderheidsparty is — nou in ons land is, wil ek illustreer deur 'n paar maatreëls te noem wat sodanige politieke party op wettige wyse in Suid-Afrika kan tref:

Die party mag besluit om nie langer elke vyf jaar verkiesings te hou nie, maar elke tien jaar of vyftien jaar of net wanneer dit die party mag behaag;

Die party mag besluit dat alle mense wat bruin oë het nie stemgeregtig is nie;

Die party mag besluit om aan alle voorsitters van die party se takke 'n jaarlikse vergoeding uit die staatskas te betaal; ens.

Ek glo vir geen oomblik dat enige van die politieke partye wat vandag in die volksraad verteenwoordig word sulke vermetele besluite soos wat ek aangestip het sal neem nie. Ek sê maar net dat enige party wat meerderheidsparty is die mag en die wettige reg het om sodanige besluite te neem.

Ek moet eerlik beken dat ek nie daarvan hou om sulke groot en onbeperkte magte aan politieke partye te gee nie. Dan verkies ek die Amerikaanse stelsel waaronder sekere regte en vryhede van die volk darem deur 'n verskansde grondwet beveilig word.

### *Opperbevelhebber van die Militêre Magte*

Uit hoofde van die uitvoerende mag wat hy moet uitoefen is die president van die Verenigde State van Amerika die opperbevelhebber van die land se leër, vloot en lugmag. Die kongres stel die regulasies op waarvolgens die land se militêre magte georganiseer en in stand gehou moet word; en hulle stem ook die vereiste geld. Maar die president het volle beheer oor die magte en oor die besteding van die geld. Dit is in sy hoedanigheid as opperbevelhebber van die leër dat president Truman vir MacArthur in die pad gesteek het.

Die president kan nie oorlog verklaar nie. Dit is die reg van die kongres. Maar die president kan darem op so 'n wyse optree dat hy die kongres dwing om oorlog te verklaar of dat hy verhoed dat oorlog verklaar word. Die jongste Amerikaanse geskiedenis bied voorbeelde van al twee gevalle.

Die voormalige president, F. D. Roosevelt, wou dolgraag oorlog verklaar teen Duitsland toe die Europese geallieerdes hom getakel het. Maar die kongres wou nie. Roosevelt het toe stappe gedoen wat slegs beskryf kan word as vyandiggesind teen die spil-moondhede. En hy het aangehou om sodanige stappe te doen en sy slagoffer uit te lok — totdat laasgenoemde se minder gevatte bondgenoot gebyt het by Pearl Harbour. Toe het Roosevelt sy oorlog gekry.

Die posisie skyn tans net omgekeerd te wees. Dit lyk vir my asof dit nou die kongres is wat oorlog wil hê en dat dit nou die president is wat stappe doen — soos die afdanking van 'n veggeneraal — wat die oorlog, op sy beste, vertraag en vir kommunistiese Rusland nog blaaskans vir voorbereidings gee.

# Dood Skok Merweville

Die gemeenskap van Merweville was diep geskok toe die onverwagte tyding die rondte gedoen het dat mnr. Japie du Plessis van Dikboompies skielik op die 2de April aan hartverlamming oorlede is.

Japie het die Maandagmôre opgestaan en na sy tuin gegaan waar hy 'n vark uitgejaag het. By sy terugkoms in die kombuis, het sy vrou dadelik onraad bemerk toe hy nie sy koffie neem, wat sy ingeskink het nie. Sy het hom gegryp en probeer help maar hy het net 'n paar tree na die deur gesteier en gesterf.

Dit was een van die hartroerendste gebeurtenisse, nie alleen vir die gemeenskap en die O.B.-kommando van Merweville nie, maar veral vir die moeder en vier klein kindertjies en familie. Vir die O.B.-kommando is dit 'n sware verlies, aangesien 'n getroue ondersteuner die geledere van die Kommando ontval het. Japie du Plessis was 'n sterk en vaste ondersteuner van die O.B. deur al die jare van teenspoed en beproewing, wat die O.B. moes deurmaak.

As jong boer het hy moeilike tye deurgemaak, maar het tog op die punt gestaan om die vrugte van sy arbeid te pluk.

Aan mev. Du Plessis en haar vier kindertjies wil die Kommando van Merweville alle meegevoel betuig en hulde bring aan 'n troue ontslape lid van ons beweging.

*Herinneringe uit die Vryheidstryd (2)*

# Partystelsel Vir S.A. In Bloed Voorgeskryf

**Die skuld van die Botha-Hertzogkrisis, in my vorige skrywe genoem, is eers van genl. Botha se kant op die „jong onverantwoordelike advokaatjies en hul maats van die Koffiehuis" gepak. Maar die rede vir die ontslag van Hertzog soos aan hom meegedeel en aan die daaropvolgende kongres, was laasgenoemde se De Wildt-verklaring. Hy het die Empaaier aanstoot gegee.**

**Toe hierdie tydstip aanbreek, mog jy wat Afrikaner is, nie sê dat jou leuse „Suid-Afrika Eerste" is nie, ook nie dat „imperialisme alleen goed is as dit dienstig vir Suid-Afrika is nie." Dit is die Natalse Engelse wat geëis het dat Botha die man wat dit sê, moet straf. Suid-Afrika mag nie eerste in jou hart wees nie. Dit het ook genl. Botha, ons voormalige kommandant-generaal, nou as geldende reël vir ons volksbestaan aanvaar. Leuschars, minister in Botha se kabinet, eis dit namens die Engelse en genl. Botha voldoen aan die eis. Nasionale ontwaking wat onafhanklikheid bevorder mag in Suid-Afrika nie gedoog word deur 'n regering nie. Dit was die posisie aan die einde van 1913. Dit is dit nog.**

Die kongres sou hoegenaamd uitspraak moet gee en vind in Kaapstad plaas. Die regering soek bekragtiging vir hierdie beleid van welbehae vir die Engelse. Toe ek die oggend met baie ander op die Kaapstadse stasie aankom, vind ek twee van my geesgenote in die nuwe stryd op die perron, Bruckner de Villiers en P. A. Malan. Ons groet. „Sê ons", vra Bruckner, „is jy 'n Hertzog- of Botha-man." Die Bothamanne dam ander by en dit was sommer duidelik dat die kongres vooraf politiek bearbei word. Engeland moet wen. Engeland eerste! Met partyoogklappe aan, sien hierdie manne dit nie.

**Dit was vir ons 'n geleentheid om te sien hoe magtig 'n partymasjien kan wees. Hoe lojaliteit aan party en persoon alle ideale en beginsels opsy skuif. En so was dit op daardie „skeur-kongres" soos dit later bekend gestaan het. So bly dit.**

### TAKTIEK

Die kongres het genls. Botha, Hertzog, F. S. Malan e.a. aangehoor. Gevoelens het soms so hoog geloop dat een en ander mekaar slae begin aanbied het. **En ek was oortuig dat die meerderheid as daar op die eerste dag gestem sou geword het, hulle aan die kant van Suid-Afrika eerste sou geskaar het.** Die namiddag by die openingsonthaal van die Pier (seehoof) hoor ek Joel Krige vir Senator Stuart vertel dat hy 'n „taktiese" voorstel by die hervatting van die kongres op versoek van Botha-hulle sou voorstel, naamlik dat „die kongres van die saak afstap en die regering vra om voort te gaan met sy werksaamhede." Hierdie voorstel was bereken

**Deur J. A. Smith**

en het ook daarin geslaag om baie afgevaardigers te mislei. Want hulle wil tog nie dat die regering bedank nie! Stem hulle daarteen, gebeur dit. Die jakkalsdraai het gewerk. Een vir een moes opstaan, beginnende links voor onder die verhoog, en sy naam en dié van sy tak noem sodat dit opgeskryf kan word. Al die Vrystaters het links gesit en teengestem. Toe volg ek en 'n klompie Kaaplanders, en vier of ses Transvalers onder wie Jan Kemp. Die uitslag was goedkeurig van die Britse beleid dat Suid-Afrika nie eerste mag kom in ons oorwegings nie. Die kongres het die Britse politiek bekragtig met 131 stemme daarvoor en 90 daarteen. Die Afrikaner het nou as deel van die Britse parlementêre partymasjien sy seël op sogenaamde d e m o k r a t i e s e gronde, geplaas op **verewigde onderworpenheid!**

### GENL. DE WET

Eenkant staan uit sy sitplek op die Boereheld, Christiaan de Wet. „Is dit jul besluit?" vra hy asof hy dit nie kon glo nie. Hy wenk met die hoed en sê: „Kom kêrels!", en ons 90 volg met genl. Hertzog tussen ons na die sitkamer van die Royal Hotel in Pleinstraat. Piet Grobler tel generaal Hertzog op en plak hom staande in een van die groot stoele en ons roep uit „Praat, Generaal!" Langs hom met sy kenmerkende strakke mond staan genl. Christiaan de Wet en sê net: „Gee ons bevel . . . . !" Ons wag met spanning. Kalm en bedaard versoek genl. Hertzog ons om asseblief nie te haastig te wees nie. Laat geen fout deur ons begaan word nie. Daar word besluit dat hy en 'n kommissie uit die aanwesiges hulle tot die leier en hoofbestuur van die S.A. Party wend en nogmaals die nasionale standpunt uiteenset. Weier hulle, dan sal met die stigting van 'n Nasionale Party 'n begin gemaak word. „Ons moet so werk dat ons 'n volksbeweging uit hierdie toestand van imperialistiese bewindvoering laat groei," was sy raad. Eers in Januarie 1914 is 'n aanvang geneem met die stigting van die Nasionale Party van die O.V.S. Groter donderwolke het begin saampak aan die gesigseinder. Intussen hamer genl. Botha en syne dit by die volk in dat die kongres besluit het en dit die volkswil is dat die Hertzog-politiek beveg moet word.

### OORLOG

En pas was hierdie besluit deur Botha se „volk se verteenwoordigers" geneem of die volgende tydstip breek aan. Die volk sou wel deeglik die gevolge van die besluit ondervind.

„Dit is die weg van eer", het genl. Botha en sy mense uitgeroep om tot die Britse oorlog teen Duitsland toe te tree. Jong seuns is vir Empaaier-eer opgeroep en Maritz na Upington gestuur met hulle om Duits-Suidwes aan te val. Die gevolge was rebellie, verset met geweld teen so 'n beleid. Broederoorlog breek uit. Die Afrikanervolk skeur van bo tot onder. **Engeland se politiek seëvier. Die Afrikaner het verloor, baie tot hul siel ook. Generaals en kommandante wat twaalf jaar vroeër tot die bittereinde toe saam geveg het, jaag ander Afrikaners voor kanon en meksim oor die grafstes heen van kamerade wat op die slagvelde vir die Republieke gesneuwel het.**

Dit het 30,000 Botha-troepe teen 11,472 rebelle in die veld gebring, het 1,000 ongevalle ten gevolge gehad en Suid-Afrika vir Britse eer £5,100,000 gekos! Die deelname aan die oorlog veertigmaal meer.

### PARTYSTELSEL GEBOU OP BLOED

Die Britse parlementêre partystelsel is met bloed van Afrikaners onderskryf. Dit was die begin van 'n stryd wat vandag nog in Afrikanergeledere woed, voor of teen die Britse parlementêre partystelsel. **En ons staan presies net daar waar ons mekaar in 1914 begin skiet het oor dieselfde konstitusionele stelsel. Die vraag is nog 'n Afrikaner-Republiek of Britse Koninkryk? En ons wat 'n republiek wil hê word gehaat, politiek, ekonomies, sosiaal geïsoleer asof ons melaats is. Dit, ondanks die Nasionale Party van indertyd op die rug van die volksontwaking wat deur die rebellie verwek is, later na die bewind gery het.**

'n Tragedie waarvan ons nog nie die einde kan sien nie, speel hom af. Dit is die skyn-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

baar nimmereindigende treurspel vir opvoering op die verhoog Suid-Afrika voorgeskryf en geoefen: „Stick to the Empire!" **Verskans en omring van partywagte sit die erflike koning van die Engelse as erflike koning van 'n nasionale Afrikanerdom! Sal ons mekaar weer skiet as daardie koning afgedank moet word om ons verlore vryheid te herwin?**

(Word Vervolg)

Verantwoordelikheid vir politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word gedra deur N. G. S. van der Walt en W. R. Laubscher, albei van Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

## *Baie Aansoeke Vir Niksdoen*

Amptenare van die Britse stad Bristol, voel verleë oor die groot aantal aansoeke wat daar uit alle dele van Brittanje gekom het vir die „luiste betrekking in die wêreld", word berig.

'n Advertensie is geplaas vir 'n man of vrou wat bereid sal wees om vir sewe uur per dag vir twaalf dae lank in 'n bed te lê en lees ten einde 'n elektriese omblaai-masjien te illustreer gedurende die Fees van Brittanje. 'n Groot aantal aansoeke van oor die hele Brittanje en een uit Suid-Afrika is ontvang.

Daar is geen betaling aan die betrekking verbonde nie behalwe dat die persoon 'n aanneemlike verskoning het om niks te doen nie.

## BETHAL HERDENK AMAJUBA

Op Saterdag, 24 Februarie, het die brandwagte van generaalskap E6 (Bethal) almal weer bymekaar gekom op die plaas van die generaal, mnr. L. W. van der Merwe, om Amajuba-fees te vier. Die middag is gesellig deurgebring met jukskei speel. Pannekoek, boerwors en allerhande snoeperye is deur die dames bedien en 'n mooi bedrag is ingesamel.



LOUIS BOOTHA

Dit was vir ons ook baie aangenaam om oom Louis Bootha (hoofgenl.) in ons midde te hê en na sy boodskap te luister, wat ons besiel het met nuwe moed.

Die aand is ons gelofte gelees deur ons Generaal en ons het ons republikeinse vlam hoog laat opstyg, nadat elke brandwag sy stukkie hout in die vuur gewerp het as simboliek van toewyding aan 'n ideaal wat op 27 Februarie 1881 deur die slag van Amajuba verwesenlik is. (Ingestuur).

## *Korreksie*

In die vorige hoofstuk van mnr. J. A. Smith se herinneringe het daar 'n drukfout ingesluip ten opsigte van 'n naam. Saam met die name Merriman en Molteno het daar verskyn „Leasle". Die moet wees Searle.



Waar u ook mag wees

Kommando

is die gewildste

Suid-Afrikaanse sigarette



GI-3056-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## BETREKKING GEVRA

**Jong man,** gematrikuleerd, 22 jaar oud, verlang betrekking. Skryf aan **Adverteerder,** P/a mnr. E. Westraad, Die Craigs, Knysna. 18/4/1B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

## TE KOOP

**Spinwiel** met stel nuwe kamme. — Doen aansoek by — **Kommandante A. M. Jeppe, Chamberlainstraat, 120, Woodstock.** 4/4/1B

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale** bevry. Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

'n Uitrusting
Om Mee
Te Spog
VAN
Steyns
Parow




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."**

# Doodswygbeleid Strydig Met Persmoraal

**Onder opskrif „Die Vryheid om te Swyg" skryf Die Burger van 11 April 'n onder-hoofartikel waarin die Engelse pers op geen onduidelike wyse te lyf gegaan word omdat hy sekere feite sou verswyg tot nadeel van die regerende partye nie. Die blad verklaar onder meer:**

**„In 'n groot deel van die Engelse pers in Suid-Afrika word persvryheid blykbaar ook vertolk as die vryheid om feite te verswyg wanneer dit nie in jou politieke kraam pas nie.**

„Kort gelede is in daardie pers 'n frisse agitasie oor 'n hoofsaaklik konsoliderende radio-wetsontwerp op tou gesit. Dit is voorgestel as gerig teen die ‚vryheid van die lug,' wat wil sê die luisteraar se reg om te luister na die radioprogram van sy keuse. Die juiste betekenis en draagkrag van die maatreël is daarop deur Die Burger uiteengesit. Dit het geblyk dat die propagandiste die wetsontwerp eenvoudig nie begryp het nie. Maar die deel van die publiek wat vir sy inligting oor landsake byna uitsluitend van sekere Engelse koerante afhanklik is, weet tot vandag toe nie wat die ware toedrag is nie. . . **Tog word, met enkele uitsonderings, die inligting nie toegelaat om die Engelssprekende publiek te bereik nie. Hulle kan maar in hul toestand van vrees en agterdog bly.**

**„Watter soort persmoraliteit is dit?"**

Tot sover Die Burger.

### BESTAAN NIE MEER

**Dit is 'n klug en selfmisleiding om vandag nog in ons land van persvryheid te praat in die sin waarna Die Burger verwys — dit wil sê die reg van 'n koerantleser om alle feite van 'n saak van openbare belang te wete te kom uit sy koerant.**

Vryheid bring ook pligte mee, en dit is die plig om ook die anderkant van 'n saak toe te lig, waaroor Die Burger dit het wanneer hy kla oor die „vryheid om te swyg" — **'n soort „vryheid" wat, volgens die blad, nie te rym is met die gangbare opvatting van „persmoraliteit" nie.**

### GEWOOND GEWORD

Maar waar word hierdie pligsbesef vandag nog in die party-politiekbegeesterde pers aangetref? **Nòg by die Engelse nòg by die Afrikaanse party-koerante. Elke blad wat die mondstuk van 'n politieke party is, is daarop uit om net die een kant van die saak te stel. Dat dit vandag nog deur Die Burger as 'n verwerplike afwyking beskou word, kom ons baie vreemd voor. Ons het oor die afgelope tien jaar al so gewoond geword aan hierdie praktyk van sowel Afrikaanse as Engelse koerante, dat ons dit al as die gangbare persmoraliteit aanvaar het waarteen mens nie hoef te skop nie.**

### DOODSWYGING

Nuus omtrent die Ossewabrandwag, byvoorbeeld, sal deur die Engelse partypers alleen dan opgeneem word wanneer dit as sambok teen die H.N.P. gebruik kan word, terwyl die H.N.P.-pers voor die voet alle positiewe uitlatings en gebeurtenisse van O.B.-kant onder 'n looddeksel verswyg. **Tot Mei 1948 het Die Burger en sy groep hierdie beleid van doodswyging so streng toegepas dat selfs betaalde advertensies van Ossewabrandwagkant geweier is, en na ons verstaan, word hierdie beleid in Die Transvaal nog deurgevoer. Wat nuus betref, bestaan die Ossewabrandwag vir Die Burger-lesers nie eens meer nie.** 'n Uiters belangrike toespraak oor oorlogsbeleid en republikanisme is op 24 Februarie deur die onderleier en Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag op Bellville gehou. **'n verteenwoordiger van Die Burger was teenwoordig en het die toesprake afgeneem, maar nie 'n enkele woord het in Die Burger verskyn nie.**

### ONJUISTHEID

Dit was nie 'n blote O.B.-aangeleentheid wat behandel is nie. Dit het gegaan oor sake van diepgaande belang vir elke Afrikaner. Maar dit was in ooreenstemming met die huidige persmoraliteit om lesers daaromtrent in duisternis te hou.

Dieselfde geld vir die berig aangaande die begrafnis van wyle kapt. Henri Slegtkamp. Laasgenoemde het voor sy heengaan die begeerte uitgespreek om deur die Ossewabrandwag op militêre wyse begrawe te word. **Die Burger het nie 'n woord van die Ossewabrandwag se aandeel aan die begrafnis gerep nie, dog wel 'n eie berig bevat waarin net gemeld is dat die oorledene versoek het om onder die Vierkleur „en op militêre wyse" begrawe te word, en dat „aan sy versoek voldoen (is)" Die Burger se lesers kon nie anders as om daarvan af te lei dat dit die regering was wat hom 'n militêre begrafnis gegee het nie — 'n historiese onjuistheid, dus, in 'n poging om feite te verswyg.**

### POT EN KETEL

Ons wil nie die baie lang lys verswygings ten opsigte van die Ossewabrandwag aanhaal nie — ook nie daardie amptelike verklarings wat valse bewerings en „vrees en agterdog" moes weerlê, maar wat steeds teruggewys is sonder korreksie van verkeerde bewerings en feite nie. Ons wil volstaan deur daaraan te herinner dat ook ander Afrikaanse groepe en persone, selfs genl. Hertzog, aan hierdie verswyging deur die H.N.P.-pers onderworpe was, sodat adv. Pirow nog voorverlede week in sy Nuusbrief uitgebars het teen die metodes van „doodskreeu, doodskinder en doodswyg" van die „Gesuiwerde Pers." Ons wil nie verwyt oor dinge wat lank gelede gebeur het nie, maar waar hierdie beleid van doodswyging nog gehandhaaf word en waar Die Burger tans self 'n vraagteken plaas agter hierdie soort persmoraliteit, wil ons die vraag stel: kan ons in hierdie opsig nou 'n verbetering verwag, **of is dit maar net een van die baie gevalle in die partypolitiek waar die pot sy swart vinger teen die ketel luidkeels aandruk, wetende dat die inhoud van die pot tog maar net die blinkgeskuurde binnekant onder oë het?**

---

# Net Helfte Van Amerikaners Is Lid Van Kerk

Kerklidmaatskap neem vinniger toe in Amerika as die bevolkingsaanwas, volgens 'n verklaring van die Nasionale Raad van Christelike Kerke.

Van 1926 tot 1949 het die lidmaatskap van kerke met 51.5 persent toegeneem terwyl die bevolking met ongeveer 30 persent vermeerder het. Van die drie vernaamste gelowe het die Protestante die meeste gewen met 16,954,322 nuwe lede ('n toename van 56 persent); die Katolieke het vermeerder met 9,005,305 (48.8 persent) en die Jode met 918,758 (22.5 persent).

Die totale lidmaatskap van kerke het van 53,230,413 in 1926 gestyg tot 80,682,575 in 1949. Dit beteken dat maar ongeveer die helfte van die Amerikaanse bevolking aan 'n kerk behoort.

# SLIM IMPERIALISTE

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. P. C. Kruger, Ostendeweg, Delville, skryf:**

Ek het u artikel oor die begrip Afrikaner met belangstelling gelees. Die Britse imperialis het van die begin af probeer, en hy probeer vandag nog, om die benaming volk en bevolking met mekaar te vereenselwig, en baie mense wat dom genoeg was, is daarmee mislei. As jy dan durf anders dink as wat die imperialis jou wil leer om te dink, dan vaar hy teen jou uit en sê jy is te dom, jy het 'n wanbegrip. Maar as jy hom vra of die naturelle of die koelies onder die Engelse vlag ook 'n deel van die Engelse volk uitmaak, dan word hy kwaad. Nou beskuldig die Engelse koerant mnr. J. G. Strydom dat hy nog in die verlede lewe, maar die beskuldiging is by die verkeerde adres. Dit is die Britse imperialiste wat nog in die verlede lewe en nooit opgemerk het dat die Britse Empire besig is om af te skilfer nie — selfbestuur aan die Goudkus is 'n verbydrywende halmpie wat die Britse imperialis gryp om sy empire te probeer red. By 'n bevolking in 'n land kan meer as een taal, meer as een nasionale stroom aanwesig wees, maar by 'n volk is net een taal en een nasionale stroom. Waar twee amptelike tale is, kan daar geen sprake wees van een volk nie; maar die Britse imperialis is te dom om te kan verstaan dat ons dit verstaan. Die Engelse beskou ons as dom Boere, maar dit is mos nie die dom Boer nie, maar die sogenaamde slim Engelsman wat Engeland in die benarde toestand gebring het waar hy vandag is. Die domste ding wat die Engelse ooit gedoen het, is dat hulle begin pleit het dat die nie-blankes gelyke regte sowel in die politiek as in ons arbeidsveld moet kry — hulle het nog nooit daaraan gedink dat die Engelse wat in Afrika is nie meer plek in Engeland het nie, en hulle is te dom om te kan verstaan dat as hulle beleid uitgevoer word, hulle saam met ons ondergeskik aan die nie-blankes sal word. Ons sal hulle van hul domheid moet red as ons gered wil wees. Laat die slim Engelse ons kom vertel wat ons geërf het van die slim oorlog waarin hulle ons gesleep het. Ek dink slim het sy baas gevang.

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika** is vandag 'n **Koninkryk** onder 'n **Britse koning:**
DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir 'n **Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van........................*

*......................vir die eerste....................maande.*

*NAAM*..................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................................

..............................................

..............................................

..............................................
*Handtekening.*

Intekengeld: **12/6** per jaar of **6/3** per halfjaar.

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# BELGIESE HOF WERP DONKER SKADU OP GEALLIEERDES

**Verlede week het die pers die berig gebring van die twee militêre bevelhebbers in België tydens die laaste oorlog, generaal Von Falkenhausen en generaal Reeder, die eerste 'n ou bekende anti-nazi-offisier en die tweede 'n S.S.-generaal, wat deur die krygshof te Brussel weens oorlogsmisdade tot twaalf jaar tronkstraf veroordeel is. Hierdie vonnis het maar min betekenis op homself, mag selfs mild genoem word vir 'n land wat, met sy ag miljoen mense, op tweeduisend versetmoorde, onbesyferbare verwondings, verkragtings en brandstigtings, op 'n half-miljoen regtelike dossiere, op honderd-en-veertigduisend opsluitings in konsentrasiegeboue en -kampe, op tweeduisend ter doodveroordelinge en op etlike honderde gefusilleerdes sedert die bevrydingsdae kan wys, skryf adv. Pirow in sy Nuusbrief.**

Die geding was egter baie merkwaardig om meer as een rede, as middel tot peiling van die geestestoestand wat op hierdie oomblik in Europa heers, om die organisasie van die verdedigings van die aangeklaagdes, om die argumentasie van die verdediging wat vryspraak bepleit het en ook in sekondêre orde om die vir homselfsprekende kwaliteit van die burgerlike partye wat die beskuldigings sekondeer. Alles wys daarop dat ons wellig vir die eerste maal sedert die aanvang van die repressieprosesse voor 'n geding te staan kom wat nie gevoer is in die lig van die verlede of van die nasionaalsosialisme, maar wel in die lig van die toekoms, nl. van die komende derde wêreldoorlog. Van internasionale oogpunt beskou, oorskry die belang van hierdie geding die Belgiese grense by verre. In bepaalde opsigte behoort ons dit as 'n sydelingse en onregstreekse kritiek op die regspraak van Nürenberg op te vat.

### MAGISTRATE WEIER

Al die magistrate wat daarvoor in aanmerking kon kom, het in die eerste plek uitdruklik geweier om by hierdie krygsraad voor te sit, sodat hy per slot van sake na baie moeilikhede ex officio saamgestel moes word en tweedens het die hof tydens die debatte meermale uitdruklik betreur dat oorwinnende lande verplig word om oorwonne vyande te bereg. Dieselfde hof het dit as sy mening te kenne gegee dat soortgelyke debatte voor internasionale howe met aansienlike medewerking van neutrale moondhede gevoer behoort te word.

Die verdediging is waargeneem deur die bloem van die Belgiese advokatewêreld, nl. deur die stafhouer van die Brusselse balie (tydens die oorlog persoonlik opgesluit in 'n Duitse konsentrasiekamp), deur 'n gewese minister, lid van die Belgiese regering te Londen, deur 'n bekende joodse advokaat en deur 'n paar ander vooraanstaande wetgeleerdes. Op die banke van die beskuldigende party vind ons 'n jong, onervare openbare aanklaer, 'n klompie kommunistiese advokate en eindelik die heer Rolin, skerp links georiënteer, sosiaaldemokratiese senator en professor van internasionale reg aan die Universiteit van Brussel, wat sedert die laaste oorlog 'n bolwerk van vry ekstremistiese marxisme geword het.

### BESKULDIGINGS

Die beskuldiging lui: Oorlogsmisdade. Die feit bevat die bekende lys: teregstelling van gyselaars as represaille-maatreël, wegvoering van Jode na Duitsland en verpligte tewerkstelling van Belgiese arbeiders in Duitsland. Die besondere moeilikheid in hierdie Belgiese saak is nou dat iedereen in België weet dat die besettingsowerhede hulle baie mild getoon het in die vier oorlogsjare, dat die twee bevelhebbers alles gedoen het wat in hulle vermoë gelê het om die oorloglaste so laag moontlik te hou, en dat die politieke instellings van die land pynlik geëerbiedig gebly het tot die laaste oomblik toe, en dat die ekonomiese potensieel van België nie een persent verlies gely het nie in die ganse oorlogsperiode 1940-1944. In hulle hart het die oorgrote meerderheid van die Belge dan ook die twee generaals vrygespreek. Die logika van die na-oorlogse politiek eis egter dat hulle veroordeel moes word.

### MISDAAD GEFORMULEER

Eers, en dit veral is van algemene belang, was dit die twee vernaamste verdedigers wat eindelik die voorwaardes bepaal het waarsonder geen daad as oorlogsmisdaad bestempel kan word nie. Die daad moet (1) **'n daad wees wat as gemeenregtelike misdaad deur die nasionale strafreg beskryf word; (2) die daad moet strydig wees met die internasionale konvensies en gebruike van die oorlogvoering;** (3) die daad moet gepleeg wees tussen 10 Mei 1940 en Mei 1945 (begin en einde van die oorlogstoestand); en die daad moet gepleeg wees deur die vyand of deur iemand wat regstreeks in sy diens staan.

Opvallend in die ganse geding is ook dat die Jodekwessie maar min, sowel deur die beskuldiging as die verdediging aangeroer is, ofskoon dit om sestigduisend persone gaan waarvan die meeste nie na die land teruggekeer het nie. Gebrek aan belangstelling? Teken van versigtigheid? Of wat? Die verpligte tewerkstelling van Belgiese arbeiders in Duitsland word bestempel as willekeurige aanhouding. Die verdediging wys die kwalifikasie as oorlogsmisdaad van die hand omdat die Belgiese strafreg so 'n wegvoering nie as gemeenregtelike misdaad beskou nie en omdat die begrip van willekeurige aanhouding wat die beskuldiging aanwend, nie toepaslik is op feite nie. **Deur die getuienis van arbeiders is in die lig gestel dat geen vryheidsberowing plaasgevind het nie en dat hulle in Duitsland nooit in 'n staat van bewaking verkeer het nie wat met gevangenisbewaking op een lyn gestel kan word nie.**

### GYSELAARS

Die hoofskottel van die hele proses draai egter om die gyselaarskwessie waarvoor so baie offisiere elders reeds tereg gestaan het en veroordeel is. Die bevelhebbers in België word daarvan betig dat 240 gyselaars tereggestel is as represaille- en afskrikkingsmaatreël om aanslae en sabotasiemisdade teen die leër deur die versetbewegings gepleeg. Die verdediging pleit vryspraak op grond van die volstrekte verenigbaarheid van hierdie teregstellings met die heersende internasionale regs- en oorlogspraktyke. Hy stel vas dat die Haagse Konvensie dergelike maatreëls nie verbied nie en dat bygevolg die gewoontes van die oorlogvoering in aanmerking geneem behoort te word. In hierdie geval kan net 'n vergelykende beskouing van die effektiewe handelings van al die oorlogvoerendes in hierdie verband die deurslag gee en beslis of, ja of nee, die maatreëls tot die normale gewoontes van die moderne oorlogvoering behoort.

### OFFENSIEF

En hier het die Belgiese verdediging van die Duitse besettingsgeneraals 'n offensief teen die Geallieerde oorlogsvoering van stapel gestuur. Om krag aan die stormloop by te sit het hy die Russiese strydgewoontes buite beskouing gelaat en hom tot die drie groot Westerse Geallieerdes beperk. **Hy beskuldig hulle van die eksekusie van gyselaars nog op groter skaal in besette Duitsland en dan nog in 'n periode van wapenstilstand. Terwyl die Duitse leërleiding in prinsiep vyf of ten hoogste tien gyselaars vir een Duitse militêr tereggestel het (wat dan geneem is uit die getal van hulle wat deur krygsrade oor bepaalde dade reeds ter dood veroordeel was, wat dus die teregstelling as gyselaar terugbring tot 'n genadeweiering), het die Franse besetting die verhouding bepaal op 100 teen 1 en die ander Geallieerdes op 50 teen 1. Die verdediging herinner aan die proklamasie van generaal Clay en aan die ander van maarskalk Montgomery, tydens die oorlog in Libië uitgevaardig, waar dieselfde represaillemaatreëls geproklameer word en ook deurgevoer is met 'n onverbiddelike strengheid.**

### VOORBEELDE

En gedurende 'n aantal ure het die advokaat voorbeelde van Geallieerde teregstellings in Duitsland gesiteer met plek, datum en aantal slagoffers (kinders van vyftien jaar bevind hulle daaronder), sodat 'n heimlike atmosfeer in die geregshof en oor gans die land heers. **So diep was die indruk deur hierdie opsomming verwek dat prof. Rolin wat die beskuldiging ondersteun as burgerlike party, om sy stelling te handhaaf waarvolgens die internasionale reg derglike praktyke verbied, daar niks meer teen in kon bring as dat in dié geval die Geallieerdes ewe goed op internasionale regbanke moes verwys word.**

### SLOTSOM

Hierdie regsittinge was geen gelukkige dae vir die internasionale reg, vir die Geallieerde leërleidings, of vir die versetbewegings en veral nie vir die Nürenbergse proses wat grotendeels op dieselfde gronde gevoer is, ofskoon dit nie uitdruklik tydens hierdie debatte bespreek is nie. As ons die slotsom wil trek uit die debatte kan ons sê dat hierdie geding duidelik die bewys gelewer het:

(1) dat oor die illegaliteit van die gewapende versetbewegings in besette gebiede deur die Geallieerdes in die lewe geroep, nie die geringste twyfel bestaan nie;

(2) dat die verantwoordelikheid vir die onbesonne aksies van die versetbeweging, wat sonder orde, sonder tug en sonder die minste politieke insig gevoer is, besonder groot is en hulle self die regmatige represaille-maatreëls van die vyandige leërleiding op die hals gehaal het;

### ONSEDELIK

(3) dat dit onsedelik is dat oorwinnende lande regtelik optree teen oorwonnenes sodat wraakgerugte onvermydelik is, omdat die laasgenoemde lande in hulle verdedigingsmiddele belemmer word deur die besondere omstandighede waarin hulle deur die verhouding van oorwinnaar en oorwonnene gebring is en omdat hulle vaak bereg word op grond van wetgewing wat opgemaak is ad hoc en wat die beginsel: **Nulla poena sine lege beskaam;**

(4) **dat dit onsedelik is dat oorwinnaars die oorwonne leërleiding beskuldig van oorlogsmisdade daar waar hulleself daeliks dieselfde dade verrig wat hulle by ander veroordeel en wat hulle onbetwisbaar as regters diskwalifiseer.**

Stilaan tog breek die harde waarheid oor die wêreld deur, vinniger as die Nürenbergse regsimprovisitatore dit gedag en gewens het, vinniger namate die oorlog nader en namate Koreaanse „noodsaaklikhede" op die hoof van die V.V.-leiers neerkom. As ons by hierdie onthullings die ander voeg wat Bardéche in sy laaste boek oor

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

die Amerikaanse polisiemetodes, bv. te Malmédy aan die verbaasde wêreld bekendmaak, dan moet ons besluit — om baie gematig in ons konklusies en in ons woorde te wees — **dat die reeds vaak op regsgronde afgetakelde Nürenberg-tragedie die keer op feitlike gronde 'n deuk van belang gekry het. Dank aan 'n Belgiese repressiegeding.**

## REGTERS WAS SOMBER

In verband met die skuldigbevinding en vonnis van twaalf jaar wat die Duitse generaal Von Falkenhausen kort gelede deur 'n Belgiese militêre hof opgelê is — hy is sedertdien op vrye voet gestel — het die Amerikaanse blad Time, wat alles behalwe 'n voorliefde vir Duitsers openbaar, as volg berig:

„Die beskuldigdes het die vonnisse aangehoor met minder tekens van gevoel as die regters wat dit gelewer het. Die vyf manne op die regbank, wat 'n moeilike saak gehad het om oor te beslis, het ongemaklik en somber gelyk toe Falkenhausen en sy medeverdedigers die hof verlaat het."

Ons korrespondent uit Duitsland berig dat een van die advokate van die generaal hom meegedeel het dat hy dit as sy plig van eer moes beskou om in hoër beroep te gaan. Von Falkenhausen het egter verkies om gebruik te maak van 'n Belgiese reg wat aan misdadigers verleen word om na uitdiening van eenderde van hul vonnisse ontslaan te word. Hy het voor sy veroordeling reeds ses jaar in die tronk gesit.





Los gepakte goed veroorsaak net moeilikheid. Verskillende soorte artikels moet in 'n stewige houer gepak en al die ruimtes styf opgevul word. Moenie enige ruimte vir artikels toelaat om in die pakket heen en weer te skuiwe nie. Dis die moeite werd om 'n bietjie ekstra moeite te doen.

**ADRESSEER EN VERPAK BEHOORLIK**

*—ONS SAL DIE GOED AFLEWER*

—en onthou om u vragbriewe te bewaar.

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**

CP4

# O.B.-VROUE BESIEL MET VASTE KOERS

**Voor 'n opkoms van vroue-offisiere wat sy as „skitterend" beskryf het, het die Kaaplandse vroue-leidster, mev. dr. J. S. du Toit, eergister in Kaapstad 'n oproep gedoen om weer in te spring, te werk vir 8 Augustus, en die O.B.-gedagte met alle mag in te dra onder ons volk. Daar is deur die vroue besluit om voortaan gereeld elke laaste Woensdag van die maand in Kaapstad te vergader, en elke brandwag wat wil, is welkom om die byeenkoms by te woon.**

Mev. Du Toit het verwys na haar terugkeer as leidster en gesê dat sy dit gedoen het terwille van die onderleier, mnr. J. A. Smith, die Kaaplandse leier, dr. F. D. du Toit van Zyl, en ander offisiere wat so getrou gestaan het. Waar sy getwyfel het, was dit eenvoudig net omdat dit vir haar menslik onmoontlik is om enige reis te onderneem. Dit is haar oortuiging dat as sy as leidster nie kans sien om met die stryd voort te gaan nie, sy vir iemand plek moet maak wat wel kans sien, „maar ek het die moed en die geloof", het sy gesê. Die stryd is nog nie volstry nie, al word daar gepraat van moontlike party-verenigings aan die einde van die jaar. Die O.B. gaan voort, want hy het die stryd aangekondig nie teen Afrikaners nie, maar vir die republiek, en so lank die republiek nog nie daar is nie, gaan ons voort. Intussen sal ons Afrikanerhande sterk net waar ons kan. Maar ons sal nie tevrede wees met 'n kunsmatige taak nie. Ons het gekom vir eenheid en die republiek en voordat dit bereik is, is ons taak nie afgehandel nie.

### OORWINNING VOLG

Mev. Du Toit het gesê dat die kleiner opkomste vandag, vergeleke met die oorlogsdae toe die beweging floreer het, ons nie moet ontmoedig nie. „Was u nie destyds ook saam met my toe dr. Malan sy gehore van net twintig en dertig getrek het nie? **Daar is baie voorbeelde waar volharding bekroon is met welslae. Churchill het in sy oorlogsboek geskryf dat die Voorsienigheid ons net van dag tot dag 'n blik in die toekoms gee en daarom kan ons nie die oorwinning wat voorlê sien wanneer ons die teenslae kry nie. Daar is die geval van Kemal Ataturk. Op een stadium van sy stryd het hy op moedverloor se vlaktes gesit met net hom en sy sekretaris as die enigste wat oorgebly het van sy beweging. Nogtans het hy later op daardie selfde plek waar hy gesit het die hoofstad Ankara aangelê.**

### TWEE GEVARE

Daar is twee dinge wat ons bedreig, het spr. voorts gesê. **Die een is die gedagte dat ons niks moet doen nie uit vrees dat ons die partye in die wiele sal ry, en die ander is die houding dat ons in die O.B. „wil bly sit tot die bittereinde." Daar mag geen sprake van sit wees — slegs van werk.** Die werkers is nie die massas nie, maar die klein getalle. Ook Christus het dit besef toe hy net twaalf apostels uitgestuur het om sy Evangelie oor die aarde te verkondig.

Wat die insameling van geld betref, het mev. Du Toit gesê dat ander verenigings aanhoudend rond gaan vir geld. Wat is dan verkeerd daarmee as die O.B. ook rondgaan om geld vir die ideaal van 'n republiek in te samel? „Ons moet ons enigste fakkel — die O.B.-blad — sterk maak, want daar is vandag geen ander koerant wat die moed het om vir die republiek te pleit nie. Sommige ander koerante wil, maar hulle kan nie omdat die regering se hande gebind is. „Laat ons ons lamppit skoonmaak en ons glase afvee sodat ons lig helder kan brand", het mev. Du Toit besluit.

### NIE SKAAM NIE

In 'n kort toespraak het die voorligtingsoffisier, mnr. W. R. Laubscher, gesê dat sommige lede om die een of ander rede half skaam voel om uit te kom met hul O.B.-skap. **Dit is egter baie belangrik om lid van die beweging te wees. Geen volk kan sy ideale bereik wanneer lewende geslagte daardie ideale by geleenthede verwerp nie. Maar diegene in die Ossewabrandwag het nog nie 'n enkele ideaal van ons volk afgesweer nie. En dit is nodig dat daar steeds daardie kern in aksie bly wat ons volksideale volhardend verkondig en nastrewe.**



MEV. DU TOIT

### ANKER

**Neem die O.B. weg, en u neem die anker van ons volk weg, het spr. gesê.**

Mnr. Laubscher het vervolgens aangetoon hoe daar in ons geskiedenis steeds 'n nuwe „uitpeuling" plaasgevind het wanneer die partypolitiek tot verwerping van sekere volksideale kom. In 1912 was dit genl. Hertzog wat uitgepeul het met 'n nasionale party nadat Botha en Smuts die „nuwe Empire" van selfregering aanvaar het. In die dertiger jare was dit dr. Malan wat uitgepeul het toe genl. Hertzog die „nuwe Empire" met sy soewereine onafhanklike state aanvaar en openlik gesê het dat daar geen plek meer vir republikanisme is nie. **Maar hierdie aanvaarding van die Empire het gelei tot 4 September 1939. Daarna het genl. Hertzog in sy groot verklaring van 1942 gesê dat daar twee groot vyande van die Afrikanerdom is — dié van die Empire-metode om deur middel van die een of ander listige toegewing beslag te lê op Suid-Afrika, en tweedens, die politieke party in eie kring.**

### PAD AANGETOON

**„Genl. Hertzog het gesterf as republikein nadat hy die foute van sy weë erken het", het mnr. Laubscher gesê. Dit is op hierdie grondslag wat deur genl. Hertzog kort voor sy dood gelê is, dat die Ossewabrandwag voortbeweeg.**

Die vroue is hoogs besield weer uiteen met vaste voorneme om vergaderings te belê en te organiseer. „Meer vergaderings soos hierdie, dit is wat ons nodig het", het hulle vol vuur gesê.

# O.B. SE TAAK

(vervolg van bladsy 1 kolom 3)

middel vir die behoud van die blankedom in S.A.

### KORTSTONDIGE MAATREëLS

Hy sal volhard in sy stryd om die noodsaaklike hervormings op staatkundige gebied — die aanpassing van die land se grondwet by die vereistes van die volk se bestaanslewe op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied. As een van die bewyse hoe strydig die verouderde Britse konstitusie waarmee ons opgesaal sit, met die volksbelange is, dien die toevlug wat die regering tans neem tot partywetgewing wat môre deur die ander party omver gegooi kan word.

As hierdie stap waartoe die regering genoodsaak word terwille van ons volksbelange iets bewys, dan is dit die SKREEUENDE POLITIEKE EN KONSTITUSIONELE ONSTABILITEIT onder die Britse parlementêre partystelsel in ons land met sy onhomogeniese bevolking, waarvan 'n aansienlike deel handlangertrou aan 'n ander volk en land as S.A. bewys.

### TWEELINGBROER

Die vraag dring hom op of daar nie 'n drastiese keuring van stemgeregtigdes vir die veiligheid van S.A. vereis word nie.

Die O.B. sal sy anti-kommunistiese stryd nou met groter beslistheid moet voer want kommunisme het 'n tweelingbroer in die opstandstokery teen S.A. nasionalisme gekry. Dit is die taak van die O.B. om hierdie anti-Suid-Afrikaanse stryd met beslistheid aan te durf. **Onder die naam van geregverdigde partypolitiek word een van die mees ondermynende en vernietigende veldtogte wat op opstand afstuur deur Sy Majesteit se opposisie binne en buite die parlement gevoer.**

Dit is hul uitdaging aan die Afrikanervolk. Saam in een front geskaar, staan daardie bonte menigte om S.A. nasionalisme en die Afrikaner in sonderheid te vernietig. Dit is 'n uitdaging aan die O.B. **Laat ons dadelik ons mag in die stryd teen daardie vyande konsentreer deur ons eenhede te reorganiseer om S.A. te beskerm teen die noodlottige gevolge van hierdie opstandstokery, gemik teen al wat Afrikaans en in belang van nasionalisme is. Laat die regering en volk van ons daadwerklike steun in hierdie stryd verseker wees.**

### KOREA

Dit is ook die taak van die Ossewabrandwag waar ander liggame om watter oorwegings ook al nie kan, of nie wil nie, die standpunt van die volk ten opsigte van aktuele sake te stel. **Ek het reeds by 'n vorige geleentheid op Bellville ons republikeinse standpunt ten opsigte van buitelandse oorloë gestel en verstout my om te sê dat gebeurtenisse sedertdien my uitspraak bevestig het. Die doel van die oorlogvoering in Korea is deur die groot moondhede tot 'n klug gemaak. Hoe kan dit voordeel vir Suid-Afrika bring.** Ek het ook in 'n skrywe in ons blad gewys op die toenemende gevaar vir die blanke heerskappy in S.A. wat die Britse koloniale beleid in Afrika verteenwoordig en u sal opgemerk het hoe meer en hoe vinnig akuut hierdie saak vir ons word. Gaan u as O.B. met gevoude hande sit of uitspan wanneer u woord en daad nodig is om 'n nageslag te red? Ek stel u die vraag.

### MEER AS PARTYE

**Daar is meer elemente in die volk wat hul besondere bydrae tot sy uitbouing, koers, behoud en bestemming lewer as net politieke partye.** Daar is die Kerk wat veral in die laaste tyd hom telkemale geroepe voel om hom duidelik oor volksaangeleenthede uit te spreek en daar is liggame soos SABRA en die F.A.K. Daar is rigtings soos die Nuwe Orde, en so meer. Hulle almal het plek in die stryd om die volksbestaan. U het ook u besondere plek.

**Vandag het die nasionaalgesindes ook 'n parlementêre front wat oor voldoende mag beskik om sekere gevare by wyse van wetgewing te bestry en ideale te verwesenlik. In die oorlogsjare het die deel van die volk gesmag na 'n meerderheid van een om die kwaai Brits-imperialistiese rigting in die vaderland te beëindig. Vandag het hulle 'n sterk meerderheid.**

**Is dit 'n republikeinse meerderheid? Indien nie, is u taak dan afgedaan?**

### O.B. ONAFHANKLIK

Laat ek sluit met die beklemtoning van die feit dat die O.B. onafhanklik is en bly van enige politieke party. Maar hy kan met enige goedgesinde party saamwerk wat dit vir hom moontlik maak, en hom steun sonder soos 'n kui-

(vervolg in kolom 2)

(vervolg van kolom 5)


ken onder die party-hen se vlerk in te kruip.

Sy slagspreuk bly samesnoering van nasionaal en republikeinse kragte. **Sy doel is met of sonder die stembus met partykandidate as dit kan, met volksgesinde kandidate as dit moet die parlementêre front om te skep in 'n republikeinse gesag!**

**Die republiek moet kom. Die Ossewabrandwag moet hom help bring, of self bring. DAAR IS U TAAK. DAAR IS U PLIG. U kan alleen uitspan die dag wanneer u die nuwe bedeling onder die volksrepubliek binnetree, die dag wanneer die Vierkleur hom bokant die parlementshuis daar oorkant die straat ontplooi.**


*SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .*

**'n Operasie was dringend nodig!**



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

**● Hoe sou *U* in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*

Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.*

NAAM: ..............................................

ADRES: ..............................................

..............................................

*Beroep:*.................. *Ouderdom volgende Verjaarsdag*...... C2


„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.